

Saterdag 16 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 2:1-10

Fokusgedeelte: Nehemia 2:4-5

“Here, herbou tog die kerk ... ten spyte van ons vrees”

Om te beplan, is een ding, maar om jou plan uit te voer, is iets anders. Nehemia weet wat hy moet doen. Biddend en vastend het hy die Here na sy wil en hulp gevra: “Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek wees” (Neh. 1:11). Ja, kennis en vertroue is daar – maar ook die vrees wat ons al te goed ken.

Só begin Nehemia die bouwerk, geduldig op sy knieë. In afhanklikheid wag hy dat die Here die tyd gereed moet maak. Wag ons so op die Here? Of begin ons net blindelings op ons tyd werskaf?

Dan begin die seisoene draai. Die koningin is daar. Die wyn is daar. Die koning is opge-ruimd. Alles is feestelik, behalwe Nehemia se gemoed. “Hoekom lyk jy so bedruk?” Die Here gee vir Nehemia sy kans! En weer neem Nehemia eers sy toevlug tot God: “En ek het tot die God van die hemel gebid ...” In afhanklikheid het hy beplan, en in afhanklikheid voer hy dit uit. Hy oorreed die koning dat hulle weer die muur mag bou en die koning help hulle selfs om die materiaal te kry.

Was dit Nehemia se goeie tydsberekening wat die koning oortuig het? Dalk sy slim woorde? Nee, dit was die Here in sy goedheid wat alles so goed laat afloop het (Neh. 2:8). Waar het dit begin? By ’n gelowige wat in sy vrees na die Here gaan en smee dat die Here se hand oor hom en sy volk sal wees.

In Nehemia se opbou van die muur sien ons ’n voorafskaduwing van hoe God sy kerk herbou. Biddend bou Christus sy kerk. So vind ons Hom ook in ’n aand van vrees in Get-semene, biddend tot sy Vader wat vir Hom die krag gee om die bouwerk te kan doen. Want in biddende gehoorsaamheid bou Hy sy kerk deur die pad van die kruisiging en op-standing en hemelvaart.

Waar begin ons in die opbou van die Here se kerk? Na Wie toe gaan ons in ons vrees? Laat ons altyd biddend bou, en gehoorsaam bou, dat die Here se goeie hand ook oor ons sal wees ten spyte van ons vrees.

Sing: Psalm 34-1:2

Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)